**VRAAG 1** **55 punte**

**Ignoreer Belasting op Toegevoegde Waarde**

Sticky (Edms) Bpk ('Sticky') is in 1999 in Suid-Afrika geïnkorporeer en vervaardig kleeflint wat op plaaslike en internasionale markte verkoop word. Praktyknota 42 uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) beskou dit as 'n vervaardigingsproses.

Me Rebecca Maseko GR(SA) is die junior finansiële bestuurder van Sticky en is besig om die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2019 (FJ2019) af te handel. Sticky het slegs twee vervante partye, naamlik MyMat (Edms) Bpk ('MyMat') en Klebrig GmbH ('Klebrig').

As deel van hierdie proses het sy die onderstaande inligting verkry:

## 1 Belegging in filiaal: MyMat

Sticky het op 1 Januarie 2019 80% van die uitgereikte gewone aandele van MyMat, 'n maatskappy in Suid Afrika geïnkorporeer, verkry.

## 2 Belegging in geassosieerde: Klebrig

Sticky het op 1 Januarie 2019 30% van die gewone aandele van Klebrig, 'n maatskappy in Duitsland geïnkorporeer, verkry vir 'n onmiddellike kontantbetaling van ZAR1,5 miljoen. Klebrig se funksionele geldeenheid is die euro. Op hierdie datum is al die identifiseerbare bates en laste van Klebrig, wat onderskeidelik EUR750 000 en EUR350 000 beloop het, geag billik gewaardeer te wees ingevolge IFRS 3 *Business Combinations.* Sticky oefen sedert die verkrygingsdatum beduidende invloed, soos omskryf ingevolge IAS 28 *Investment in Associates and Joint Ventures*, oor Klebrig se bedryfs- en beleidmakende besluite uit. Die normale belastingkoers in Duitsland is sedert FJ2010 15% en kapitaalwinste word ook teen 15% belas.

Sticky verkoop sedert 1 Januarie 2019 kleeflint aan Klebrig teen 'n winsopslag van 25% op koste, wat Klebrig in die gewone loop van besigheid aan sy kliënte verkoop. Die totale verkope deur Sticky aan Klebrig gedurende FJ2019 het ZAR850 000 beloop. Klebrig het aan die einde van FJ2019 nog ZAR350 000 van hierdie voorraad voorhande gehad. Die 25% winsopslag op koste van die kleeflintverkope aan Klebrig word geag teen armlengte te wees.

Klebrig het op 18 Julie 2019 'n totale dividend van EUR180 000 verklaar en betaal. Die dividend was nie aan enige belasting in Duitsland onderworpe nie.

Een van die junior rekenmeesters het die onderstaande syfers (korrek bereken) aan Rebecca verstrek. Dit hou verband met die belegging in Klebrig en is toe korrek ingesluit in die gekonsolideerde finansiële state:

| | **ZAR** |
|---|---|
| Belegging in Klebrig op 31 Desember 2019 | 2 460 000 |
| Beweging in buitelandse valuta-omrekeningreserwe (krediet) gedurende FJ2019 in verband met die belegging in Klebrig en wat in ander omvattende inkomste erken is | 307 200 |

 © SAIGR 2020

## 3 Lopende en uitgestelde belasting

Die junior rekenmeester het ook die onderstaande saldo's en bedrae in die gekonsolideerde finansiële state aan Rebecca verstrek nadat al die bostaande inligting korrek in berekening geneem is:

| | Aantekeninge | ZAR miljoen |
|---|---|---|
| Uitgestelde belastingbate op 31 Desember 2018 | 3.1 | 30,5 |
| Uitgestelde belastingbate op 31 Desember 2019 | 3.1 | 50,8 |
| Gekonsolideerde wins voor belasting | 3.2 | 120,5 |

***Aantekeninge***

3.1 In FJ2018 is slegs 80% van die totale netto aftrekbare tydelike verskille erken. Sticky het in FJ2019 tot die gevolgtrekking gekom dat die groep 100% van die aftrekbare tydelike verskille kon erken.

3.2 Die gekonsolideerde wins voor belasting hierbo sluit die onderstaande transaksies, wat alreeds korrek by die berekening van die lopende en uitgestelde belasting vir FJ2019 in Sticky en MyMat se individuele afsonderlike rekeninge in ag geneem is, en gevolglik ook in Sticky se gekonsolideerde rekeninge, in:

3.2.1 Totale gunstige netto billike waardeaanpassings aan die oorspronklike koste van beleggingseiendom (grond) gedurende FJ2019, ten bedrae van ZAR2,7 miljoen. Al die maatskappye in die Sticky-groep verantwoord beleggingseiendom volgens die billikewaarde-model ingevolge IAS 40 *Investment Property*.

3.2.2 ŉ Dividend ten bedrae van ZAR360 000 wat MyMat op ŉ ekwiteitsbelegging in ŉ onverwante Suid-Afrikaanse inwonermaatskappy ontvang het. Die billikewaarde-winste en verliese wat met die belegging verband hou, is in ander omvattende inkomste deur MyMat erken.

3.2.3 Sticky het ŉ bedrag van ZAR500 000 ingevolge ŉ handelsbeperkings-ooreenkoms aan ŉ nie-verwante individu, mnr Jone Balantine, betaal. Dit is gedurende FJ2019 korrek as ŉ uitgawe hanteer aangesien dit nie aan die omskrywing van ŉ ontasbare bate ingevolge IAS 38 *Intangible Assets* voldoen het nie. Jone was nooit in diens van enige van die maatskappye in die Sticky-groep nie.

3.2.4 Die winsdeel in Klebrig is bereken deur die ekwiteitsmetode ingevolge IAS 28 toe te pas. Die junior rekenmeester het genoem dat hy onseker was wat die uitwerking hiervan, indien enige, op die gekonsolideerde belastingrekonsiliasie sou wees.

3.3 Die onderstaande transaksies is korrek verantwoord in die gekonsolideerde wins voor belasting. Rebecca het egter opgemerk dat die junior rekenmeester nie die lopende en uitgestelde belastingimplikasies vir Sticky vir FJ2019 in berekening gebring het nie:

3.3.1 Sticky het gedurende FJ2019 ŉ nuwe kleeflintverpakkingmasjien teen ŉ kosprys van ZAR1,081 miljoen bestel en op dieselfde datum in kontant daarvoor betaal. ŉ Verdere ZAR12 420 is betaal om die verpakkingsmasjien na Sticky se fabriek te vervoer. Die verpakkingsmasjien was op 1 Desember 2019 gereed vir gebruik. Aangesien Sticky se fabriek vir die Desember-feesseisoen gesluit was, is die verpakkingsmasjien vir die eerste keer op 2 Januarie 2020 gebruik toe die

fabriek heropen het. Sticky se produksiebestuurder beraam dat die maatskappy die verpakkingsmasjien vir ŉ tydperk van tien jaar sal kan gebruik, waarna dit waarskynlik sonder enige vergoeding geskrap sal word. Sticky se bedoeling was altyd om die bate tot die einde van die nutsduur daarvan te gebruik.

3.3.2 Toe werksaamhede op 1 Oktober 1999 begin het, het Sticky ŉ kleeflint-oprolmasjien teen ŉ kosprys van ZAR40 000 gekoop om in hul vervaardigingsbedrywighede te gebruik. Die maatskappy het die oprolmasjien ten volle afgeskryf teen 2006, vir sowel finansiële verslagdoenings- as belastingdoeleindes. Nadat Sticky besef het dat die oprolmasjien aansienlike hoeveelhede waardevolle metale bevat wat herwin kon word, is die masjien op 15 Oktober 2019 vir ZAR575 000 verkoop. Afgesien van die maatskappy se vastebateregister, het Sticky nie meer die rekords om die aankoopkoste van die oprolmasjien te staaf nie.

3.3.3 Sticky het op 1 Januarie 2010 ŉ kantoorgebou teen ZAR3,750 miljoen kontant gekoop. Die vorige eienaar het die kantoorgebou primêr vir administratiewe doeleindes gebruik. Die kantoorgebou het ŉ geraamde nutsduur van 20 jaar en was gereed vir gebruik en is op dieselfde datum in gebruik geneem. Die reswaarde op 1 Januarie 2010 is as onbeduidend beskou. Sticky se bedoeling was altyd om die bate tot die einde van die nutsduur daarvan te gebruik. Sticky het die bate vir administrativewe doeleindes gebruik en doen dit nog steeds.

3.3.4 Sticky se totale bruto handelsbedrae ontvangbaar aan die einde van FJ2019 en FJ2018 het onderskeidelik ZAR75 miljoen en ZAR85 miljoen beloop. Sticky het tot die korrekte slotsom gekom dat sy handelsbedrae ontvangbaar nie ŉ beduidende finansierings-komponent, soos bepaal in IFRS 15 *Revenue from Contracts with Clients,* insluit nie. Sticky se totale lewenslange verwagte kredietverliese op sy handelsbedrae ontvangbaar het op 31 Desember 2019 ZAR12,5 miljoen beloop. Die toelaag vir kredietverliese aan die einde van FJ2018 het ZAR 8,2 miljoen beloop en die SAID het gedurende FJ2018 ŉ aftrekking van 25% op hierdie toelaag toegestaan. Die 2018-toelaag is korrek in die lopende en uitgestelde belastingberekeninge vir 2018 verantwoord.

3.3.5 Sticky het op 29 November 2019 ŉ nieterugbetaalbare vooruitbetaling ten bedrae van EUR2 miljoen van ŉ kliënt in Barcelona, Spanje, ontvang, ten opsigte van ŉ grootmaatbesending kleeflint. Sticky het die kleeflint op 1 Februarie 2020 direk na Barcelona verskeep, op welke datum beheer oor die kleeflint, soos bepaal ingevolge IFRS 15, na die kliënt oorgegaan het. Die bedrag is op 29 November 2019 in Sticky se algemene transaksierekening gedeponeer. Geen vooruitbetalings is gedurende FJ2018 ontvang nie.

3.3.6 Die onderstaande wisselkoerse is by ŉ vooraanstaande finansiële instelling verkry:

| **Datum** | **EUR1 : ZAR** |
|---|---|
| 1 Januarie 2019 | 15,10 |
| 18 Julie 2019 | 15,50 |
| 29 November 2019 | 15,75 |
| 31 Desember 2019 | 15,90 |
| Gemiddelde koers vir die jaar* | 15,30 |

***** Jy kan aanneem dat die wisselkoerse nie gedurende FJ2019 beduidend gefluktueer het nie.


© SAIGR 2020

3.4 Mnr Rex Smith, Sticky se Finansiële Direkteur, het ŉ vergadering met Rebecca belê om sommige idees oor belastingbesparing te bespreek:

3.4.1 Die regskoste aangegaan in verband met die aankoop van Klebrig kon op die faktuur na algemene raadgewende dienste verander word sodat die koste vir belastingdoeleindes afgetrek kan word. Volgens Rex is dit in die verlede gedoen en was hy nog altyd daartoe in staat om die koste te regverdig. Hy het bygevoeg dat die Sticky-groep sekere teikens moet haal gebaseer op uitleners se verwagtinge. Rex het aan Rebecca laat deurskemer dat indien sy hierdie verandering sou maak, dit ŉ gunstige invloed op haar prestasie-evaluering sou hê.

3.4.2 Of die Sticky-groep ŉ oorsese belastingtoevlugsoord (Eng.: 'tax haven') vir sommige van sy bedrywighede moet gebruik.

## 4 Bykomende inligting

- Al die maatskappye in die Sticky-groep het 31 Desember finansiële jaareindes en pas International Financial Reporting Standards toe.
- Die Sticky-groep bied sy gekonsolideerde finansiële state in Suid-Afrikaanse rand aan.
- Sticky verantwoord sy beleggings in filiale en geassosieerdes ingevolge die kostemetode in sy afsonderlike finansiële state in ooreenstemming met IAS 27 *Separate Financial Statements*.
- Al die maatskappye in die Sticky-groep verantwoord eiendom, aanleg en toerusting volgens die kostemodel ingevolge IAS 16 *Property, Plant and Equipment* en depresieer hierdie bates volgens die reguitlymetode tot die reswaardes daarvan.


© SAIGR 2020

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, NOVEMBER 2020**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 3**

| **VRAAG 1 – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (a) | Met verwysing na die transaksies opgeteken in aantekening 3.3 en vir FJ2019 –<br>(i) bereken die lopende en uitgestelde belastingimplikasies vir Sticky (maatskappy); en<br>(ii) berei die regstellende joernaalinskrywings in die rekeninge van Sticky (maatskappy) voor. | 26<br>2 | 28 |
| (b) | Berei die gekonsolideerde belastingrekonsiliasie voor wat in die gekonsolideerde finansiële state van die Sticky-groep vir FJ2019, soos voorgeskryf deur IAS12.81(i), openbaar gemaak moet word.<br>• Vergelykende syfers word nie verlang nie.<br>• Moenie die gekonsolideerde belastinguitgawe afsonderlik bereken nie.<br>*Kommunikasievaardighede – aanbieding* | 17<br>*1* | 18 |
| (c) | Bespreek die etiese kwessies waarvoor Rebecca te staan kom met betrekking tot die idees oor belastingbesparing genoem in aantekening 3.4 vanuit die perspektief van die SAIGR se Professionele Gedragskode.<br>*Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | 8<br>*1* | 9 |
| **Totaal vir vraag 1** | | | **55** |


© SAIGR 2020